# Nuusbrief

**PRETORIA-STREEK**

**Augustus 2023**

## Skrifgedeelte

"Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want dít is die offers wat vir God aanneemlik is." Hebreers 13:16 (AFR83)

## Streeksprojekte

**Kragdag**

Helpende Hand was van 9-12 Augustus so bietjie by KragDag. Daar was 'n toeloop van mense en baie interessante dinge om te bekyk en te koop. 'n Mens kon ook jou tweedehandse handsak by 'n stalletjie gaan aflaai vir die Hier's my Handsak-projek.




**Jeugkongres 2023**

Die Pretoria Jeugaksie bied DV op 30 September 2023 hul heel eerste Jeugkongres aan. Die doel van die kongres is om die jeug te bemagtig en hulle kennis oor die belangrikheid van hul betrokkenheid in hul gemeenskappe uit te brei. Hulle moet weet dat 'n gemeenskap nie volhoubaar sonder die jeug kan voortbestaan nie.




Ons nooi graag leerders in graad 11 en 12 ook uit na die kongres.

Stuur asseblief hierdie uitnodiging aan soveel mense as wat jy kan en deel dit gerus op sosiale media ook.

## Lief en Leed

**Verjaarsdae**

1 — Anouska Fouche
— Ericka Cory
— Marina Greyvenstein
2 — Lorinde Putter
7 — Chrisna v d Vyver
9 — Caroline de Klerk
11 — Hannes Noëth
13 — Karmien Buys
29 — Leaneece Beukes
30 — Gerrit Bezuidenhout

## Belangrike datums

Augustus

9 Aug. – Bekendstelling van Vroue in Beweging

9-12 Aug. – KragDag

September

16 Sept. - Hier's my handsak

30 Sept. - Jeug Kongres

**Groete Pretoria-Streek**

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

# Nuusbrief

**PRETORIA-STREEK**

**Augustus 2023**

## Hier's my Handsak



Moedig asb. julle taklede aan om hulle tweedehandse handsakke by die Ons Winkel in die Hier's my Handsak-boks te gaan sit. Dié projek loop saam met die produksie Hier's my handsak in die AfriForum Teater.

Vul jou handsak met benodigdhede vir 'n vrou, soos reukweerder, reukwater en grimering  en gaan skenk dit by 'n Ons Winkel. Op 16 September word dit dan aan Corlea Botha oorhandig en sy gaan dit versprei onder vrouens wat nie so bevoorreg is om hul eie handsak te hê nie.

## Tak projekte



Moot-oos tak het komberse gaan aflaai vir persone in nood. Almal was bitter bly vir n snoesige kombers op daardie koue vrydag oggend.




Bespreek vandag nog jou sitplek vir dié unieke  produksie.

Tafelkaartjies: R500 – dit sluit 'n wynproe, driegangmaaltyd en vinnige skouermassering in
Koop kaartjies direk by Mariana by mariana@helpendehand.co.za

Galerykaartjies: R250 – beskikbaar by AfriForum Teater (geen wyn of ete nie)

**Groete  Pretoria-Streek**

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

# Nuusbrief

## PRETORIA-STREEK

**Augustus 2023**




### Rayton-fees

Pretoria-streek het lekker saam met die Rayton-tak fees gevier. Dit was ysig koud, maar ons kon darem lekker netwerke bou.



### Vlooigoed-jukskeibaan

Die Pretoria-streek het saam met Moot-Wes-tak 'n jukskeibaan by Vlooigoed geopen. Die kinders was baie opgewonde oor hulle nuwe baan en het almal mooi in 'n rytjie hul beurt afgewag om vir die eerste keer 'n skei te kon gooi.

### Bespreek 'n maskot vir jou tak

Die maskot besoek elke streek een maand in die jaar. Kyk mooi in watter maand hulle in ons streek kom kuier en bespreek hom vir jou tak. Julle kan met hom by 'n skool gaan kuier of 'n projek bywoon!

**OKTOBER**




**NOVEMBER**




**MAART 2024**




**Groete Pretoria-Streek**

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING